Anderkant Die Tydsgordyn

William Marrion Branham

Anderkant Die Tydsgordyn

Nou die oggend het ek in my bed gelê. En ek was . . . het geslaap, en ek het gedroom dat Joseph siek was, en dat ek hom opgetel het om vir hom te bid. En toe ek wakker geword het, was ek baie ontsteld. Ek het gesê: "Wel, miskien gaan Joseph siek word."

En ek het gekyk, en voor my het uitgegaan, in 'n klein, donker skaduwee, meer 'n bruin kleur. En dit het gelyk asof dit ek was. En ek het dit dopgehou. En Iemand in wit het dit gevolg, en dit was Hy. Ek het oorkant na my vrou gekyk, om te sien of sy wakker, dat ek haar kon wys, sy die gesig kon sien. Maar sy het geslaap.

Ek het gesê: "O, ek's jammer, Here. Maar, dit was my lewe, U moes my dryf na alles wat ek gedoen het. Elke keer as enigiets sou gebeur, sou ek dink dat dit U was wat dit gedoen het. En ek besef dit was Satan wat my probeer weghou het daarvan." Ek het gesê: "As U my net kon lei." En terwyl ek gekyk het, het ek die mooiste gesig gesien wat ek ooit aan 'n man gesien het. Hy was voor my, aan die omkyk. Hy het Sy hand opgelig en myne beetgekry, en na *hierdie* kant begin beweeg. Die gesig het my verlaat. Verlede Sondagoggend, het ek, het vroeg wakker geword. Dit was op Saterdag, hierdie gesig. Op . . .

Altyd bekommerd, ek het altyd gedink aan sterwe. Dit, ek wat vyftig, dis, my tyd is nie . . . het nie gedink

was te lank nie. En ek het gewonder wat ek sou wees in daardie teofanie, hemelse liggaam. “Sou dit wees dat ek my dierbare vriende sou sien en, sê, ’n klein wit wasempie wat verbydryf, en sê ‘Daar gaan Broer Neville,’ of, hy kon nie sê: ‘Hello, Broer Branham’ nie? En wanneer Jesus kom, dan sou ek weer mens wees.” Ek het dikwels so gedink.

Ek het gedroom dat ek in die Weste was. En ek het afgekom deur ’n klein wildealsplekkie, en my vrou was by my, en ons het forel gevang. En ek het gestop en—en die hek oopgemaak. En die hemele was so mooi. Hulle het nie gelyk soos bokant die vallei hier nie. Hulle was blou, en die mooi wit wolke. En ek het vir my vrou gesê, ek het gesê: “Ons moes ’n lang tyd gelede, al hier gewees het, skat.” Sy het gesê: “Om die kinders se onthalwe, moes ons gewees het, Billy.” Ek het gesê: “Dis . . . ” En ek het wakker geword.

Ek het gedink: “Ek droom so baie! Ek wonder hoekom?” En ek het afgekyk, en sy het langs my gelê.

En ek het regop gesit teen my kussing, soos baie van julle mense dit al gedoen het, my kop gesit op die—die kopplank van die bed, en my hande agter my gesit. En ek het daar gelê soos *dié*. En ek het gesê: “Wel, ek wonder wat dit sal wees, die ander kant. Ek is alreeds vyftig, en ek het nog niks gedoen nie. As ek net iets kon doen om die Here te help, want ek weet ek sal nie sterflik wees nie. Die helfte van my tyd is verby, ten minste, of meer as die helfte. As ek lewe om so oud soos my mense te word, is die helfte van

my tyd steeds verby." En ek het rondgekyk. Ek het daar gelê, gereed om op te staan. Dit was omtrent sewe—uur. Ek het gesê: "Ek reken ek sal afgaan kerk toe, vanmôre. As ek hees is, sou ek graag vir Broer Neville hoor preek."

So ek het gesê: "Is jy wakker, skat?" En sy het baie vas geslaap.

En ek wil nie hê julle moet dit mis nie. Dit het my verander. Ek kan nie dieselfde Broer Branham wees wat ek was nie.

En ek het gekyk. En ek het Iets gehoor, wat aanhou sê het: "Jy begin net. Stry die stryd. Hou net aan met stry."

Ek het my kop 'n oomblik geskud. Ek het gedink: "Wel, ek dink waarskynlik net so." Julle weet, 'n persone kan 'n paar verbeeldings kry. En ek het gesê: "Ek het my dit waarskynlik net verbeel."

Dit het gesê: "Stry die stryd. Hou aan. Hou aan."

Ek het gesê: "Miskien het ek dit gesê." Ek het my lippe agter my tande gesit, en my hand oor my mond gesit.

En daar kom Dit weer, het gesê: "Hou net aan met stry. As jy net weet wat aan die einde van die pad is!"

En dit was asof ek Graham Snelling kon hoor, of iemand, wat daardie lied gesing het soos dié. Hulle sing dit hier, Anna Mae en almal van julle almal.

Ek's vol heimwee en bedruk, en ek wil Jesus sien.
Ek wil graag daardie soete haweklokke hoor lui.
Dit sou my pad verlig en alle vrese laat verdwyn.
Here, laat my verby die tydsgordyn kyk.

Julle het dit gehoor hier by die kerk gesing word.

En ek het Iets hoor sê: "Wil jy graag anderkant die gordyn sien?"

Ek het gesê: "Dit sou my so baie help."

En ek het gekyk. Binne net 'n oomblik, ek. . .Een asemteug het ek 'n plekkie binnegekom wat skuins was. Ek het teruggekyk, en daar het ek, op my bed gelê. En ek het gesê:"Hierdie is 'n vreemde ding."

Nou, ek wil nie hê julle moet hierdie herhaal nie. Hierdie is voor my kerk, of my skape wat ek bedien. Of dit was, ek binne of buite hierdie liggaam was, of dit 'n verheerliking was, dit was nie soos enige gesig wat ek ooit gehad het nie. Ek kon Daar kyk, en ek kon hier kyk.

En toe ek daardie Plekkie getref het, het ek nooit soveel mense sien hardloop, en skree: "O, ons dierbare broer!" nie.

En ek het gekyk. En jong vroue, miskien in hulle vroeë twintigs, agtien tot twintig, hulle het hulle arms om my gegooi en geskree: "O, ons dierbare broer!"

En ek het gestop en ek het gekyk. En ek was jonk. Ek het teruggekyk na my ou liggaam wat daar lê, met my hande agter my kop. En ek het gesê: “Ek verstaan dit nie.”

En hierdie jong vroue wat hulle arms om my gooi. Nou, ek besef hierdie is ’n gemengde gehoor, en ek sê dit met die soetheid en met die sagtheid van die Gees. Mans kan nie jul arm om vroue sit sonder ’n menslike sensasie nie; maar dit was nie Daar nie. Daar was geen gister of môre nie. Hulle het nie moeg geword nie. Hulle het. . . ek het nooit sulke mooi vroue in my hele lewe gesien nie. Hulle het hare laag af tot by hulle middellyf gehad; lang rompe tot op hulle voete. En hulle het my net omhels. Dit was nie ’n omhelsing selfs soos wat my eie suster, wat daar sit, my sou omhels nie. Hulle het my nie gesoen nie, en ek het hulle nie gesoen nie. Dit was iets waarvoor ek—ek nie die—die woordeskat het nie, ek nie die woorde het om te sê nie. “Volmaaktheid” sou nie naby kom nie. “Voortreflik” sou nie eens naby daaraan kom nie, nêrens nie. Dit was iets wat ek nooit. . . Jy moet net Daar wees.

En ek het *hierdie* kant toe gekyk, en *daardie* kant toe. En hulle het aangekom, by die duisende. En ek het gesê: “Ek verstaan dit nie.” En ek het gesê: “Wel, hulle. . . ”

En hier kom Hope. Dit was my eerste vrou. Sy hardloop, en het nooit gesê: “My man” nie. Sy het gesê: “My dierbare broer,” en toe sy my omhels het.

Daar was ’n ander vrou wat daar gestaan het, wat my omhels het, en toe het Hope hierdie vrou omhels; en elkeen. En ek het gedink: “O, dit moet iets anders wees. Dit kan nie wees. . . Daar’s iets. . . ” Ek het gedink: “O, sou ek ooit weer wou teruggaan na daardie ou karkas?”

Ek het toe omgekyk. Ek het gedink: “Wat is dit?” En ek het gekyk, baie goed. En ek—ek het gesê: “Ek—ek kan dit nie verstaan nie.” Maar Hope het gelyk soos ’n, o, ’n eregas. Sy was nie anders nie, maar net soos ’n eregas.

En ek het toe ’n Stem gehoor wat met my praat, wat in die kamer was, gesê het: “Dit is wat jy gepreek het die Heilige Gees is. Dit is perfekte Liefde. En niks kan Hier inkom Daarsonder nie.”

Ek is meer vasberade, as ooit in my lewe, dat dit perfekte Liefde neem, om Daar in te kom. Daar was geen jaloesie nie. Daar was geen moegheid nie. Daar was geen dood nie. Siekte kon nooit, Daarbinne nie. Sterflikheid; kon—kon jou nooit verouder nie. En die. . . Hulle kon nie huil nie. Dit was net een vreugde.

“O, my dierbare broer!” En hulle het my boontoe geneem, en my bo—op ’n yslike groot hoë plek geplaas.

Ek het gedink, “Ek droom nie. Ek kyk terug na my—my liggaam wat hier onder op die bed lê.”

En hulle het my daar bo—op geplaas. En ek het gesê: “O ek behoort nie hierbo te sit nie.”

En hier kom manne en vroue, van beide kante, net in die fleur van hulle jeug, skreeuend. En een vrou het daar gestaan, en sy het uitgeroep: “O, my dierbare broer! O, ons is so bly om jou Hier te sien.”

Ek het gesê: “Ek verstaan dit nie.”

En toe het daardie Stem wat gepraat het, van bokant my, gesê: “Jy weet, daar staan geskrywe in die Bybel, dat: ‘Die profete is saam met hul mense vergader.’”

En ek het gesê: “Ja. Ek onthou dit in die Skrifte.”

Gesê: “Wel, hierdie is wanneer jy saam met jou mense vergader word.”

Ek het gesê: “Dan sal hulle werklik wees, en ek sal hulle kan voel.”

“O, ja.”

Ek het gesê: “Maar, daar’s miljoene. Daar’s nie soveel Branhams nie.”

En daardie Stem het gesê: “Hulle’s nie Branhams nie. Hulle is jou bekeerlinge. Dis diegene wat jy na die Here gelei het.” En gesê: “Party van daardie vroue daar, wat jy dink so mooi is, was oor die negentig jaar oud toe jy hulle na die Here gelei het. Geen wonder hulle skree: ‘Ons dierbare broer!’ nie.”

En hulle het uitgeroep, meteens, gesê: “As jy nie gegaan het nie, sou ons nie Hier gewees het nie.”

Ek het rondgekyk. Ek het gedink: “Wel, ek begryp dit nie.”

Ek het gesê: “O, waar is Jesus? Ek wil Hom sien, so graag.”

Hulle het gesê: “Nou, Hy’s net ’n bietjie hoër, net op in *daardie* rigting.” Gesê: “Eendag sal Hy jou kom sien. Sien?” Gesê: “Jy is gestuur, as ’n leier. En God sal kom. En as Hy kom, sal Hy jou beoordeel volgens wat jy hulle geleer het, eers, of hulle sal ingaan of nie. Ons sal ingaan volgens jou leer.”

Ek het gesê: “O, ek’s so bly. En, Paulus, moet hy soos hierdie staan? Moet Petrus staan soos hierdie?”

“Ja.”

Ek het gesê: “Dan het ek elke Woord gepreek wat hulle gepreek het. Ek het nooit afgewyk Daarvan, een of ander kant nie. Waar hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop het, het ek ook. Waar hulle die doop met die Heilige Gees geleer het, het ek ook. Wat ook al hulle geleer het, het ek ook.”

En daardie mense het uitgeroep, en gesê: “Ons weet dit. En ons weet ons gaan saam met jou, eendag, terug aarde toe.” Gesê: “Jesus sal kom, en jy sal beoordeel word volgens die Woord wat jy aan ons gepreek het. En dan as jy op daardie tydstip aanvaar word, en jy sal,” en gesê: “dan sal jy ons aan Hom voorstel, as jou trofeë van jou bediening.” Gesê: “Jy sal ons na Hom begelei, en, tesame, sal ons teruggaan na die aarde, om vir altyd te leef.”

Ek het gesê: “Moet ek nou teruggaan?”

“Ja. Maar hou net aan met stry.”

Ek het gekyk. En ek kon die mense sien, net so ver as wat ek kon sien, steeds aankom, wat my wou omhels, skreeuende: “Ons dierbare broer!”

Net toe het ’n Stem gesê: “Alles wat jy ooit liefgehad het, en alles wat jou ooit liefgehad het, het God jou Hier gegee.” En ek het gekyk. En hier kom my ou hond, nader geloop. Hier kom my ou perd, en het sy kop op my skouer gelê, en gerunnik. Gesê: “Alles wat jy ooit liefgehad het, en alles wat jou ooit liefgehad het, hulle het God in jou hand gegee, deur jou bediening.”

En ek het myself voel wegbeweeg van daardie pragtige Plek.

En ek het rondgekyk. Ek het gesê: “Is jy wakker, skat?” Sy was steeds aan die slaap.

En ek het gedink: “O God! O, help my, O God. Laat my nooit toegee op een Woord nie. Laat my net reguit op daardie Woord bly, en Dit preek. Ek gee nie om wat kom of gaan nie, wat enigiemand doen nie; hoeveel Sauls of seuns van Kis, opstaan nie, hoeveel *hiervan, daarvan,* en die *ander* nie. Laat my, Here, strewe na daardie Plek. Alle doodsvrees . . .

Ek sê dit, met my Bybel voor my, vanmôre. Ek het ’n klein seuntjie hier, vier jaar oud, om groot te maak. Ek het ’n nege jaar oue dogter; en ’n tiener, waarvoor

ek dankbaar is, wat na die Here gedraai het. God, laat my lewe, om hulle groot te maak in die vrees van God.

Daarbenewens, lyk dit asof die hele wêreld na my roep, negentig jaar oue vroue en mans, en alle soorte. "As jy nie sou gegaan het nie, sou ons nie Hier gewees het nie."

En, God, laat my die stryd stry. Maar as dit kom by sterwe, is ek nie meer. . . Dit sal 'n vreugde wees, dit sal 'n plesier wees, om in te gaan, uit hierdie korrupsie en oneer.

As ek kon maak, daarbo, eenhonderd biljoen myl hoog, 'n vierkantige blok, en dis perfekte Liefde; elke tree na hierdie kant, vernou dit, totdat dit afkom tot waar ons nou is. Sou dit net skaars 'n skadu van korrupsie wees, daardie klein ietsie wat ons kan waarneem en voel dat daar iets iewers is. Ons weet nie wat Dit is nie.

O, my dierbare vriende, my geliefdes, my lieflings van die Evangelie, my Godverwekte kinders, luister na my, julle pastoor. Julle, ek wens daar was 'n manier om dit aan julle te verduidelik. Maar net anderkant daardie laaste asemteug, is die mees glorieryke ding wat julle ooit. . . Daar is geen manier om dit te verduidelik nie. Daar is geen manier nie. Ek kan dit net nie doen nie. Maar wat ook al jy doen, vriend, lê alles anders tersyde tot jy perfekte Liefde kry. Kom by 'n punt waar jy almal kan liefhê, elke vyand, alles anders.

Daardie een besoek Daar, vir my, het my ’n ander man gemaak. Ek kan nooit, nooit, nooit dieselfde Broer Branham wees wat ek was nie. Of die vliegtuie skommel, of die weerlig flits; of die spioen ’n geweer op my rig. Wat ook al dit is, dit maak nie saak nie. Ek gaan die stryd stry, deur die genade van God. Want, ek het die Evangelie gepreek aan elke skepsel en elke persoon wat ek kan, om hulle te beweeg na daardie pragtige land daar oorkant.

Dit mag hard lyk. Dit mag baie krag neem. Ek weet nie hoe lank meer nie. Ons weet nie, fisies gesproke. Die . . . Na my ondersoek die ander dag, het hy gesê: “Jy het vyf—en—twintig jaar van harde, goeie lewe. Jy’s stewig.” Dit het my gehelp. Maar o, dit was nie dit nie. Dis nie dit nie. Dis iets *hier*binne. Hierdie verderf moet met onverderflikheid beklee word. Hierdie sterfling moet met onsterflikheid beklee word.

Seuns van Kis mag opstaan. Ek . . . Al die goeie dinge wat hulle doen, ek het niks slegs daarteen te sê nie, om aan die armes te gee en aan liefdadigheid. En onthou, tog, Samuel het vir Saul gesê: “Jy sal ook profeteer.” En baie van daardie manne is groot, magtige predikers, kan die Woord preek soos aardsengele. Maar steeds was dit nie God se wil nie. God sou hulle koning wees. Broer, suster, laat julle die Heilige Gees julle lei.

Laat ons ons hoofde net ’n oomblik buig.

Ek's vol heimwee en bedruk, ek wil Jesus sien,
Ek wil graag daardie soete haweklokke hoor lui;
Dit sal my pad verlig en my vrese laat verdwyn;
Here, laat ons verby die tydsgordyn kyk.

Here, laat my verby die gordyn van smart en vrees kyk,
Laat my daardie sonnige helder streek aanskou;
Dit sal ons geloof versterk en ons vrees laat verdwyn;
Here, laat my verby die tydsgordyn kyk.

Ek is seker, Here, as hierdie klein kerkie, vanmôre, net verby daardie gordyn kon kyk! Nie 'n ellende onder hulle nie; daar kon nooit wees nie. Nie 'n siekte; niks behalwe volmaaktheid nie. En Dis net een asemteug tussen hier en Daar, van ouderdom na jeug, van tyd na Ewigheid; van 'n bekommernis van môre, en 'n verdriet van gister, tot die teenwoordige tyd van Ewigheid in volmaaktheid.

Ek bid, God, dat U elke persoon hier sal seën, as daar diegene hier is, Here, wat U nie ken op daardie manier van Liefde nie. En waarlik, Vader, niks kon daardie heilige Plek binnegaan sonder daardie tipe Liefde nie, die nuwe Geboorte, die wedergeboorte. Die Heilige Gees, God, is Liefde, en ons weet dat dit waar is. Maak nie saak of ons berge beweeg met ons

geloof nie, of ons groot dinge gedoen het nie, steeds, sonder Dit daar, sou ons nooit daardie groot leer daar oorkant kon klim nie. Maar Daarmee, sal Dit ons oplig bokant hierdie aardse sorge. Ek bid, Vader, dat U die mense hier sal seën.

En mag, dat, elke persoon wat my hierdie Waarheid hoor vertel het, vanmôre, dat U my getuie is, Here, soos Samuel van ouds; "Het ek hulle ooit iets in U Naam vertel wat nie waar was nie?" Hulle is die regters. En ek vertel hulle nou, Here, dat U my na daardie Land geneem het. En u weet dat dit waar is.

En nou, Vader, as hier sommige is wat U nie ken nie, mag dit die uur wees waarop hulle sê: "Here, plaas in my die wil om U wil te wees." Skenk dit, Vader.

En nou, julle, met julle hoofde gebuig, sal julle julle hande opsteek, en sê: "Bid vir my, Broer Branham; God wil binne my." [Broer Branham wag—Rd.]

Nou terwyl julle is waar julle is, net baie liefderyk, hoekom sê julle nie net vir Vader nie? "God, in my hart, vandag, verloën ek alle dinge van die wêreld. Ek verloën alles, om U lief te hê en U te dien, my hele lewe lank. En ek sal, van hierdie dag af, voortaan, U volg, in elke Skrif van U Bybel." As u nie gedoop is in Christendoop nie: "Ek sal, Here."

"As ek nog nie die Heilige Gees ontvang het nie. . . " U sal weet as u Dit ontvang het. Dit sal aan u

gee. Dit sal aan u die versekering en Liefde gee wat u nodig het. O, u mag anders gedoen het, sensasies gehad het, soos dat u geskree of in tale gepraat het, wat goed is. Maar as daardie Goddelike Liefde nie daar is nie, glo my nou, sê: "Here, plaas in my hart, en in my siel, die uitreiking van U Gees, dat ek mag liefhê, en eer betoon, en daardie Goddelike Liefde in my hart mag hê, vandag, wat my na daardie Land sal neem wanneer my laaste asem my verlaat," terwyl ons bid. Bid julle, self, nou. Op julle eie manier, bid julle, vra God om dit vir julle te doen.

Ek het julle lief. Ek het julle lief. Julle dierbare gryskop mans wat hier sit, wat hard gewerk en klein kindertjies gevoed het! Julle arme, ou moeders wat die trane uit hulle oë gevee het! Laat my jou hiervan verseker, dierbare, suster, daar oorkant aan die ander kant van die ander asem is dit nie so nie. Ek glo dat Dit absoluut in die vertrek is. Dis net 'n dimensie waarnatoe ons leef. Hierdie is net 'n verderflikheid waarin ons nou leef.

"Maar wil in my, Here, U wil te laat geskied." Bid julle, terwyl ons saam bid.

Eerbiediglik, Here, op grond van U Woord en U Heilige Gees, is ons so bly ons weet waar ons geboorte vandaan kom. Ons is bly dat ons weet ons "nie gebore is uit die wil van die mens, of die wil van die vlees nie, maar deur die wil van God."

En ons bid, vandag, Vader, dat diegene wat nou vra vir vergewingsgenade, dat U Gees daardie werk

sal doen, Here. Daar's geen manier vir my om dit te doen nie; ek's net 'n man, nog 'n seun van Kis. Maar ons het U nodig, die Heilige Gees.

God, laat my soos Samuel wees, een wat die Waarheid van die Woord vertel. En U het Dit bevestig, sover, en ek glo dat U sal voortgaan, solank as ek getrou bly aan U.

Mag hulle nou almal die Ewige Lewe ontvang, Vader. Mag hierdie dag hulle nooit verlaat nie. In die uur wanneer hulle daarby kom om die wêreld te verlaat, mag dit, wat ek nou net aan hulle gesê het, in 'n werklikheid ontvou. En soos ons hier sit, sterflik, vandag, en na ons horlosie kyk, aan ons middagete dink, of werk môre, of die sorge of geswoeg van die lewe, hulle sal nie dan bestaan nie. Hulle sal almal wegsterf. Daar sal geen sorge wees nie; en een groot vreugde van Ewigheid. Gee hulle daardie tipe Lewe, Vader, elkeen. En mag . . .

Ek vra U dit, Vader, dat elke persoon wat hier is vanmôre, wat my hierdie gesig hoor vertel het, dat ek elkeen van hulle aan die ander kant mag ontmoet; alhoewel daar manne hier mag wees wat met my sou verskil, en vroue, ook. Maar, Vader, moet dit nooit in ons pad laat staan nie. Mag ons hulle Daaroorkant ontmoet, en hulle hardloop, ook, en ons mekaar vasgryp, en uitroep: "Ons dierbare broer." Laat dit wees soos dit Daar gewys was, Here, aan elkeen, almal wat ek liefhet, en almal wat my liefhet. Ek bid dat dit so sal wees, Here. En ek het hulle almal lief.

Laat hulle verskyn, Vader. Ek bied hulle nou die Ewige Lewe aan. Mag hulle hul deel doen, om Dit te aanvaar. Want ek vra dit in Jesus Naam. Amen. [Broer Branham wag—Rd.]

Ons het net ’n paar oomblikke, om vir die siekes te bid. Ek sien ons het ’n klein, siek meisietjie hier, en ’n dame in ’n stoel.

Nou, aan my dierbare broers, susters, moet my asseblief nie misverstaan nie. Ek—ek weet nie wat gebeur het nie. Ek weet nie wat gebeur het nie. Maar, God, wanneer ek sterf, laat my teruggaan Daarnatoe. Laat my net na daardie Plek toe gaan, is waar ek wil wees, waar ook al dit was. Ek probeer nie ’n Paulus wees wat opgeraap is in die derde hemele nie. Ek sê dit nie. Ek glo dat Hy my net probeer aanmoedig het, om my net ’n klein ietsie te gee om my aan te help, in my nuwe opkomende bediening.

(Uittreksel uit *Die Verwerpte Koning*, 15 Mei 1960.)

Voice Of God Recordings, South Africa Office
P.O. Box 178, Somerset West, 7129 Cape Province, Republic Of South Africa

AFRIKAANS

©1998 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

AAlle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

For more information or for other available material, please contact:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org